# Graad 3 Akademiese Tuisonderrig-program

# Week 3  27 April

Nog 'n week is verby!


Ek was hierdie week baie besig, gelukkig is die volgende skoolweek bietjie korter. Die juffrouens probeer interessante werkies vir julle stuur. Hulle het hierdie oulike boodskappie vir julle. Kan nie wag om julle almal weer te sien nie!

Kenny xxx







# Laerskool KENRIDGE Primary School

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>**27 April – Publieke Vakansiedag** | | |
| Gebruik vandag om te ontspan of op te vang met agterstallige werk. | | |
| **DINSDAG**<br>**28 April** | | |
| **AFRIKAANS HUISTAAL**<br><br>Klanke<br><br>Lopende Skrif<br><br>Lees | f/v woorde<br>Sien Studiegids bl. 16<br><br>*d*<br><br>Volg die skakel en lees **Nomsa se inkopielys** | **1.** Maak seker jy het 2 skoon velle papier. Dit kan ook die agterkant van 'n afval-papier wees. Maak 'n groot **f** op die een bladsy en 'n groot **v** op die tweede bladsy. Jy kan **skeur-en-plak** of dit **inkleur en versier.** Kyk nou in jou studiegids en skryf die **f-woorde** rondom die groot f. Doen dieselfde met die **v-woorde**. Maak seker jy lees elke woord en verstaan die betekenis. **Sien die voorbeeld.**<br> <br>Sodra jy klaar is met hierdie aktiwiteit, sit dit êrens op in jou kamer, maar moenie dit weggooi nie. Wie weet, dalk gebruik ons dit weer?<br><br>2. *d* - **(druk ctrl+kliek)**<br>**kliek hier vir die video**<br><br>**3. Kliek hier vir die storie**<br>**(druk ctrl+kliek)** |
| **ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL** | Read through your **-oo** words in your Study Guide, p47.<br><br>Remember to fill in your weather calendar from last week.<br><br>Watch the video about Nouns | • Talk about the -**oo** phonics words, explain the meaning of the words.<br>• Learn your -**oo** words. Look at the word, cover the work, write the words on your whiteboard.<br><br>**Click here to watch the video.**<br>**(druk ctrl+kliek)** |
| **WISKUNDE** | Praktiese telaktiwiteit<br>Tel in 100'de | **Hop** op twee bene terwyl jy in 100'de tel. Hop vorentoe as jy aantel of hop agteruit as jy terugtel. Begin en eindig by die volgende getalle: |

<table>
<tr><td></td><td></td><td><ul><li>700 tot 0</li><li>57 tot 657</li><li>600 tot by 100</li><li>228 tot 728</li><li>850 tot 250</li><li>30 tot 530</li></ul>1000 tot 0</td></tr>
<tr><td></td><td>Deling</td><td><u>Maak gereed:</u><ul><li>20 wasgoedpennetjies</li><li>5 papierborde</li></ul>Kyk na die volgende video en gebruik die pennetjies en borde om saam te werk.<br>(druk ctrl+kliek) kliek hier vir die video<br><br>Oefen nou die volgende somme op jou eie met jou pennetjies en borde, jy hoef niks neer te skryf nie<ul><li>18 ÷ 2=</li><li>18 ÷ 3 =</li><li>12 ÷ 4 =</li><li>5 ÷ 5 =</li><li>16 ÷ 2 =</li><li>12 ÷ 3 =</li><li>20 ÷ 5 =</li></ul></td></tr>
<tr><td></td><td>Iconic</td><td>Iconic boek: Kwartaal 2 week 3<br><br>Iconic memo.pdf</td></tr>
<tr><td>LEWENSVAARDIGHEDE</td><td>LV - Wat is herwinning.pdf</td><td>Lees deur die “Wat is herwinning?” dokument. Gesels oor die volgende punte:<ul><li>Waarvoor staan die drie pyle?</li><li>Wat kan alles herwin word?</li><li>Wat kan nie herwin word nie?</li><li>Bespreek hoe julle by die huis herwin.</li></ul></td></tr>
<tr><td colspan="3">WOENSDAG<br>29 April</td></tr>
<tr><td>AFRIKAANSE HUISTAAL<br><br>Leesbegrip<br><br>Taalstruktuur<br><br>Taalstruktuur</td><td>Departementele boek<br>Bl. 112, 113<br><br>Departementele boek<br>Bl. 114<br><br>Hoofletters en Leestekens<br>Studiegids bl.34 & Oefenboek</td><td><ol><li>Lees die storie: Die son en die wind op (bl. 112) en beantwoord die vrae op bl.113.</li><li>Die groot kompetisie bl.114<br><br>- Ons doen(rolspel): ignoreer<br>- Ons skryf: <u>doen albei aktiwiteite</u></li></ol>Maak seker jy gebruik ‘n selfstandige naamwoord in al 4 sinne (sien 4 prentjies bl.114) en skryf die werkwoord (sit, skop, speel/bou, hardloop) in kleur.<ol start="3"><li>Maak die Pdf. dokument oop, en voltooi die opdrag in jou Oefenboek.</li></ol></td></tr>
</table>

| | | |
|---|---|---|
| Lees | Volg die skakel en lees **Die verhaal van renostervoël en buffel** | Huistaal - Hoofletters Leestekens.pdf<br>Huistaal - Hoofletters Leestekens MEMO.pc<br>**1. Kliek hier vir die storie (druk ctrl+kliek)** |
| **ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL** | Remember to fill in your weather calendar from last week. | Go on the **Noun Hunt**<br><br>abc noun hunt (1).pdf<br>It is **optional** to print out the document. Print it out **OR** list the letters a-z in your practice book and write the noun that you found next to each letter. |
| **WISKUNDE** | Praktiese telaktiwiteit<br>Tel in 3'e | **Driebeen-hardloop.**<br>Gebruik 'n lang sokkie of 'n vadoek en bind jou een been aan jou boetie/sussie/mamma/pappa se been vas. Doen nou 'n driebeen-resies terwyl julle in 3'e tel.<br>• Kan julle van 3 tot 36 tel sonder om om te val?<br>• Wat van 36 tot by 3?<br>• Kan julle by 52 begin en kom tot by 91?<br>• Begin nou by 142 en tel tot by 88<br>• Probeer om een keer om die huis te loop terwyl julle in 3'e tel. |
| | Deling | **Maak gereed**<br>• 5 papierborde<br>• Knip 20 papierblokkies (ongeveer 3cm by 3cm) As jy verskillende kleure kan gebruik is dit fantasties! Indien jy nie gekleurde papier by die huis het nie, gebruik wat jy het.<br>• Skryf 'n nommer 10 op vyf van die blokkies<br>• Skryf 'n nommer 5 op vyf van die blokkies<br>• Skryf 'n nommer 2 op vyf van die blokkies<br>• Skryf 'n nommer 1 op vyf van die blokkies<br><br>**Kyk** na die video en neem deel aan die aktiwiteite.<br>**(druk ctrl+kliek) kliek hier vir die video**<br><br>Oefen nou die volgende somme op jou eie, jy hoef niks neer te skryf nie<br>• 28 ÷ 2 =<br>• 45 ÷ 3 =<br>• 48 ÷ 4 =<br>• 65 ÷ 5 = |
| | Getalkombinasies van 13 | Getalkombinasies 13 MEMO.pdf<br>Getalkombinasies 13 (huisies).pdf |

| | | |
|---|---|---|
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | Kom ons beweeg 'n bietjie!<br><br>**OPSIONELE** Kunsles. Juffrou Jansen mis al haar kunstenaars! | **(druk ctrl+kliek)** **kliek hier vir die video**<br><br>LV - OPSIONELE Kunsles.pdf |
| **DONDERDAG**<br>**30 April** | | |
| **AFRIKAANSE HUISTAAL**<br><br>Leesbegrip | Departementele boek<br>Bl. 120, 121 | 1. Lees die leesstuk **"Bongi tel vullis op."** Beantwoord die vrae op **bl. 121.** *(in die middel van die bladsy)* |
| Taalstruktuur | f/v woorde<br>Departementele boek<br>Bl. 121 | 2. Lees die aktiwiteit bo-aan **bl. 121**. Kies 3 woorde wat met 'n **f** begin en 3 woorde wat met 'n **v** begin. Skryf nou 6 sinne op 'n venster, deur jou witbordmerker te gebruik. Onderstreep die f en v-woorde met 'n ander kleur. |
| | Departementele boek<br>Bl. 121, 122 | 3. Voltooi ook **Byvoeglike naamwoorde** onder aan op bl. **121 en 122.** |
| Lopende Skrif | *g* | 2. *g* - **(druk ctrl+kliek)**<br>**kliek hier vir die video** |
| **ENGELS EERSTE ADDISIONELE TAAL** | Complete the Phonics activity in your Practice Book.<br>Read carefully through your work and ask a parent to check your work afterwards.<br><br>Remember to fill in your weather calendar from last week. | Complete the phonics sentences in your Practice Book. Remember to fill in the missing sound in colour or underline it with colour.<br><br><br><br><br>Phonics oo sounds 2020.pdf    Phonics oo sounds 2020 MEMO.pdf |
| **WISKUNDE** | Praktiese telaktiwiteit<br>Tel in 50's | **Gooi 'n bal** teen 'n muur. Tel in 50's terwyl jy gooi en vang.<br>Tel van 50 – 500<br>Tel van 400 – 0<br>Tel van 300 – 750<br>Tel van 650 - 150<br>Tel van 250 - 800 |
| | Oefenboek | Doen die werkkaart in jou Oefenboek<br><br>Oefenboek.pdf    Oefenboek Memo.pdf |
| | Matific | **Matific aktiwiteite** soos deur onderwyser opgestel |
| **LEWENSVAARDIGHEDE** | COVID19-TYDKAPSULE-3 afrikaans1.pdf | Beantwoord die vrae wat gevra word in die COVID-19 Tydkapsule dokument.<br>**(Dit is opsioneel om die dokument uit te druk)** |

| | | |
|---|---|---|
| | | Jy kan die antwoorde van jou vrae in jou Oefenboek neerskryf.<br>Onthou om 'n opskrif bo-aan jou bladsy te skryf.<br>Rond jou werk mooi af deur dit in te kleur en te versier. |
| **VRYDAG**<br>**1 Mei – Publieke Vakansiedag** | | |
| Gebruik vandag om te ontspan of op te vang met agterstallige werk. | | |